www.PapaCambridge.com

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education Advanced Subsidiary Level

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **8779/04**

Paper 4 Texts **October/November 2012**

**2 hours 30 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**Invigilators must refer to the Additional Materials List for instructions on the use of set texts in the examination.**

*9259709924*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer any **three** questions, each on a different text. You must choose one question from Section 1, one from Section 2 and one other.
Write your answers in **Afrikaans**.
Dictionaries are **not** permitted.
You should write between 500 and 600 words for each answer.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
All questions in this paper carry equal marks.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank pages.


© UCLES 2012
UNIVERSITY of CAMBRIDGE International Examinations

www.PapaCambridge.com

## Section 1

**1** ***Na die geliefde land,*** **Karel Schoeman**

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

"Ons moet ingaan," sê Paultjie. Tant Miemie het uit die bakkie te voorskyn getree, en saam met haar beweeg die langsame, sorgsame prosessie oor die werf in die rigting van die huis, met mevrou Hattingh en tant Kotie wat haar aan weerskante steun en Bettie wat volg met truie, serpe en jasse. Nou moet die mans nog net die draaghemel oor haar uitsprei, dink George terwyl hy die stoet aanskou, en die plegtigheid van haar intog sal volmaak wees.

"Kom," sê Paultjie vir hom, en stap na die huis sonder om verder notisie te neem van die onderwyser.

"Kinders, waar bly julle?" roep Raubenheimer, sy stem skielik skerp en gebiedend. "Kom nou, ons moet ingaan. En onthou wat ek vir julle gesê het; moenie dat ek vanaand weer praat nie."

George het heeltemal vergeet van die skoolkinders wat saamgekom het van Moedersgift en merk hulle nou eers waar hulle 'n bietjie kouelik saamgeskaar bly staan het by die bakkie. Opgejaag deur Raubenheimer voeg hulle hulle nou by die ander mense, wat reeds die treetjies van die stoep bereik het, sleepdraers en akoliete agter die volwassenes aan.

"Kom," herhaal Paultjie, en George volg hom. Gerhard het ook bly staan om hom te soek. "Kom," sê hy, "wat staan jy so eenkant? Jy is vanaand ons eregas." Sy arm is uitgestrek om George in die stoet op te neem en hom binne te lei in die huis, en sy moeder kyk ook om waar sy oor die drumpel tree met tant Miemie. "Kom binne, George," sê sy, "Jy's baie welkom hier by ons."

"Is al die mense hier?" vra Gerhard, en dan trek hy die deur agter hulle toe en sluit en grendel dit.

**(i)** Waarom word daar 'n groot ophef van Tant Miemie se aankoms gemaak?

**(ii)** Wat is Tant Miemie se rol by hierdie samekoms?

**(iii)** Hoe word George deur die plaasmense beskou? Bespreek hierdie vraag met verwysing na beide die uittreksel en die roman as geheel.

**Of:**

**(b)** "Die plaasmense in *Na die geliefde land* lewe in 'n ruimte afgesonder." Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou antwoord met voorbeelde uit die roman.

www.PapaCambridge.com

**2** ***Toorberg*, Etienne van Heerden**

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

“(...) Abel het [Oneday] lankal die plaas verbied, maar ons weet hy kom nog baie dikwels snags met die voetpaadjie om in die Stiefveld te kuier. En Kaatjie help hom ook nie reg nie. Nee, sy ontvang hom in haar huis, sy politiekery ten spyt. Abel sal haar nog inroep daaroor ook.”

“En u ander werkers?”

“Nee, hulle is nog van die ou soort. U het mos gehoor, hulle soek al dag en nag vir hoe lank na Abel. Hulle ken hul plek.”

“En Kaatjie se ander seun?”

“O, Shala. Hy’s éérs ’n moeilikheidmaker. Maar nie ’n opstoker nie. Hy boer met sy ma se bokke teen die berg. Abel het hulle ’n stuk veld laat kry – jy kan die spulletjie tog nie in die grootpad gaan aflaai nie. Hulle plant ook turksvye aan en as die droogtes kom, kap hulle die blare op en meng dit met melasse en verkoop dié mengsel aan die boere. En Kaatjie se kleinkinders verkoop dikwels rooiturksvy teen die grondpad. U het hulle seker al sien staan, daar’s ’n klein rietskerm.”

“Ek dink ek het al iets opgemerk.”

“Maar Shala, met hóm het ons baie probleme. DwarsAbel reken hy lig snags die grensdraad en jaag sy bokke by die Vlei in. In die môre is hulle weer terug.”

“Daar sal tog spore lê as bewys.”

“Hy doen dit net as dit reën. Dan was die spore mos weg. Nee, ta is te skelm.”

“Ek sien.” Die magistraat het opgekyk na die portret van StamAbel teen die muur. StamAbel het vurig na hom teruggekyk. “Ek het hom ondervra.”

“Vir wie?” Ella het opgekyk, haar koppie in haar hand.

“Oneday Riet.”

“O?”

“Ja.” Hy het ’n sigaar opgesteek, tydsaam en rustig, en die rook tussen hom en StamAbel ingeblaas. “En ek het hom ’n baie ordentlike jong man gevind. Weliswaar bietjie bitter. Maar,” en hy het sy sigaar in die asbak neergelê om sy koppie koffie op te neem, “baie beskaaf.”

**(i)** Verduidelik kortliks hoekom Shala en Oneday Riet nie op Toorberg welkom is nie.

**(ii)** Hoe belangrik is die tema van skeiding in *Toorberg*? Motiveer jou antwoord met verwysing na die gegewe uittreksel en die roman as geheel.

**Of:**

**(b)** Identifiseer drie familielede wat as buitestaanders gesien kan word en bespreek hoe Toorberg se geskiedenis hul lewenskeuses beïnvloed.

www.PapaCambridge.com

**3** ***Vatmaar*, A. H. M. Scholtz**

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die vier mans het voor geloop en Tant Wonnie agter.

Daar was ’n assegaai oor die stuur van die swart poliesman se bicycle vasgemaak en ’n knopkierie in ’n leerhouer aan sy lyfband. (’n Swart poliesman is nie toegelaat om vuurwapens te dra of ’n witman te arresteer nie. As hy ’n witman sien oortree het, moes hy ’n wit poliesman gaan haal om hom aan te keer.)

Dit was amper aguur en die dorpsmense was op pad werk toe. Die meeste was daaraan gewoond om geboeide mans op pad hof toe te sien, maar nooit ’n geboeide witvrou sonder skoene nie. Sy het vir hulle gevaarlik gelyk en hulle het vinnig voor haar padgegee.

Die mans het geloop asof hulle haastig was om in die hof se selle te kom. Tant Wonnie het agtergeraak. Sy kon nie byhou by die pas wat die man op die bicycle aangegee het nie. Die swart poliesman het na die mense wat oopmond na Tant Wonnie staan en kyk het, geglimlag asof dit sy voorreg was om so ’n anderster skepsel te bewaak.

Tant Wonnie se gedagtes was besig met: Waar kan my kind wees? Wat kon nie met haar gebeur het nie? Sy is nie gewoond aan ’n groot dorp nie. Wie het die kos gebring? So baie vrae en geen antwoorde nie.

Toe bid sy: Ek dank u, my Meester-Here. U wil geskied, enigiets, my Meester. Ek sal die goeie of die slegte aanvaar, tot die ergste ook. My God in my binneste, U wil geskied. Vader, U ken my loon. U weet dat ek nie daai ring gesteel het nie, maar as hierdie straf is vir ’n ou oortreding, vir die verbreking van een van U wette, dan glo ek dat dit net ten goede is om my te leer ek het U lief. Daar is niemand sterker as die dood nie, maar noudat ek U gevind het, is ek bo die dood want ek is siel.

Sy het na die starende verbygangers gekyk, party botstil op bicycles met hulle een voet op die sypaaidjie. Dit was vir haar asof hulle almal spelers in dieselfde droom is.

**(i)** Tant Wonnie word in die uittreksel beskryf as “’n anderster skepsel”. Verduidelik wat hiermee bedoel word.

**(ii)** Wat vertel die uitbeelding van Tant Wonnie, die swart polisieman en die dorpsmense in hierdie uittreksel oor die magsverhoudings in *Vatmaar*?

**Of:**

**(b)** Bespreek die titel van die roman met verwysing na die inwoners van die dorp Vatmaar, en hul houding(s) teenoor besittings.

www.PapaCambridge.com

## Section 2

**4** ***Die kwart-voor-sewe-lelie*, Eleanor Baker**

**Of:**

**(a)** "Van Bettie kon ek nie 'n Greta maak nie." Bespreek die romantiese aspekte van Iris se fantasiekarakters in vergelyking met die ware mense in haar lewe.

**Of:**

**(b)** Bespreek die verband tussen Iris se beroepskeuse en haar persepsie van haar eie identiteit. Jy kan byvoorbeeld verwys na familie, feminisme, of die tema van die iris.

**5** ***Kringe in 'n bos*, Dalene Matthee**

**Of:**

**(a)** "Jy's sy broer, dít sê my hart." Bespreek Maska se stelling met verwysing na die verhouding tussen Maska, Saul en Oupoot.

**Of:**

**(b)** Bespreek die wisselwerking tussen die mens en die natuur in *Kringe in 'n bos.*

**6** ***Lied van die Vallei*, Athol Fugard**

**Of:**

**(a)** "Kyk, Oupa, ek het reeds die helfte van die prys van 'n treinkaartjie! Ek doen dit omdat ek wil hê Oupa moet trots op my wees. Ek wil iets vir Oupa teruggee vir alles wat Oupa vir my gegee het, maar ek kan dit nie doen as ek hier bly nie!"

Waarom sien Veronica nie 'n toekoms in die Vallei nie?

**Of:**

**(b)** Bespreek die rol van ambisie en trots in *Lied van die Vallei* met verwysing na Buks en Veronica se agtergrond en karaktereienskappe.

BLANK PAGE

www.PapaCambridge.com

**BLANK PAGE**

www.PapaCambridge.com

BLANK PAGE

www.PapaCambridge.com

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of